


HOE OM PLAASLIKE BELASTINGS EN DIENSHEFFINGS TE VERSTAAN



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR





WAT IS PLAASLIKE BELASTINGS EN DIENSHEFFINGS?

Plaaslike owerhede benodig fondse om die koste van dienste te dek wat hulle aan inwoners verskaf, soos bv. paaie, biblioteke en sportgronde.

Hierdie fondse kom van plaaslike belastings en diensheffings wat huiseienaars moet betaal.



Die hoofinkomste van plaaslike owerhede is die plaaslike belasting, wat 'n belasting op vaste eiendom is. Diensheffings dek die koste van dienste wat aan huishoudings verskaf word soos die voorsiening van elektriese krag, water, die rioolstelsel en vullisverwydering.

Mense met 'n inkomste van minder as R 800 per maand, pensioentrekkers en gestremdes wat minder as 'n sekere inkomste het, kom in aanmerking vir 'n behoeftigheids-subsidie of -toelae. Dit beteken dat hulle minder betaal vir dienste.



LET WEL:

- Die geraamde heffings in hierdie pamflet is gebaseer op die 2003/2004- heffings van die Kaapse Eenheidstad.
- Belasting op Toegevoegde Waarde staan tans op 14% en is betaalbaar op alle diensheffings, maar nie op plaaslike belastings nie.

PLAASLIKE BELASTING



Die plaaslike belasting wat jy betaal berus op die waarde van jou vaste eiendom. Elke vier of vyf jaar sal die plaaslike owerheid jou vaste eiendom herwaardeer. Die bedrag wat jy aan plaaslike belasting betaal, mag dus verander.

Daar kan ook veranderinge intree as die plaaslike owerheid meer geld benodig om sy planne vir jou munisipale gebied uit te voer.



Die bedrag wat aan plaaslike belasting bestee word, verander dus met die waarde van die eiendom (die erf en die gebou/e). Dus betaal die eienaar van 'n eiendom van R 75 000 plaaslike belasting van ongeveer R 20 per maand, terwyl die eienaar van 'n eiendom van R 150 000 ongeveer R 90 per maand betaal. As jou eiendom minder as R 50 000 werd is, betaal jy geen plaaslike belasting nie.

ELEKTRIESE KRAG



Die gebruik van elektriese krag word gemeet in kilowatt-ure. Die eerste 20 kilowatt-ure krag per maand is gratis, maar dit word beoog om hierdie gratis-hoeveelheid tot 50 kilowatt-ure te vermeerder. Huishoudings wat minder as 500 kilowatt-ure krag per maand gebruik, betaal 36c per kilowatt-uur.

Stel vas hoeveel krag jou elektriese toestelle per uur gebruik. Warmwatersilinders en stowe gebruik die meeste elektrisiteit - elk van hulle kos meer as R 50 per maand om te bedryf.

As jy 'n kredietmeter-aansluiting het, sal jou rekening 'n bykomstige diensheffing van sowat R 30 toon, bo en behalwe die prys van die krag wat gedurende die maand gebruik is.

Baie mense het vooraf-betaal-stelsels, daarom bevat hul munisipale rekeninge geen uitgawes vir elektriese krag nie.



DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- VIND UIT OF JY IN AANMERKING KOM VIR 'N BEHOEFIGHEIDSSUBSIDIE OF -TOELAE.
- PLAASLIKE BELASTINGS IS 'N VASTE JAARLIKSE UITGAWE, TERWYL DIE DIENSHEFFIG AFHANG VAN HOEVIEL JY GEBRUIK GEMAAK HET VAN DIE DIENS (WATER, ELEKTRIESE KRAG).
- DIE KOSTE VAN WATER WORD VOORUIT BERAAM. DIT WORD LATER AANGEPAS WANNEER JOU METER GELEES IS.



WATER



Die diensheffing op water word gebruik vir die bou en instandhouding van damme, waterreservoirs, pype, pompstasies en vir die behandeling van water sodat dit veilig is om te drink. Elke persoon het aanspraak op 25 liter skoon water per dag. Die meeste plaaslike owerhede voorsien 6 kiloliter (6 000 liter) skoon water per maand gratis aan elke huishouding. Dit is genoeg vir 'n huishouding van tot agt persone, dus hoef baie huishoudings glad nie vir water te betaal nie. Die grootste hoeveelheid water in huishoudings word gewoonlik vir bad en toiletspoeling gebruik.

Water kos omtrent R 2 per kiloliter vir die eerste 12 kiloliter per maand, en die prys styg vir hoeveelhede van meer as 12 kiloliter.



Jou rekening sal die geraamde watergebruik vir die maand aandui, wat in verskeie kategorieë ingedeel is, bv. 0 - 6 kiloliter (wat gratis is), 7 - 12 kiloliters (lae tarief), 12 - 20 kiloliters (hoër tarief), ens. Die aantal kiloliters in elke kategorie word dan vermenigvuldig met die toepaslike tarief vir daardie kategorie, en dié bedrae word dan opgetel om die algehele waterheffing te bepaal.



RIOOL

Die heffing vir riool word gebruik vir die verskaffing en instandhouding van rioolpype en vir die behandeling van rioolwater. Soms word dit as 'n vaste maandelikse bedrag gehef. Gewoonlik word dit egter bepaal deur die hoeveelheid water wat jy gebruik, omdat die meeste water wat in 'n huishouding gebruik word (bv. badwater, waswater, toiletspoeling), in die rioolstelsel in gelei word. Daar is geen rioolheffing vir die eerste 4.2 kiloliter wat gebruik word nie. Daarná betaal jy R 1.45 vir elke kiloliter wat gebruik word, tot en met 'n hoeveelheid van 8.4 kiloliter. Vanaf 8.5 kiloliter tot 28 kiloliter betaal jy R 3.14 per kiloliter.



VULLIS

Die vullisheffing betaal vir die onkoste om die vullis by jou huis te kom haal en om by 'n stortingssterrein daarvan ontslae te raak. Eienaars van eiendom wat minder as R 50 000 werd is, betaal geen heffing vir vullisverwydering nie. Vir eiendom wat meer as R 50 000 werd is, styg die maandelikse heffing vir vullisverwydering met die waarde van die eiendom. Die eienaar van 'n eiendom wat R 150 000 werd is, betaal omtrent R 40 per maand vir vullisverwydering.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Besparings en huishoudelike geldsake
- Hoe om jou munisipale rekening te lees



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987